

Laerskool Lorraine Primary School

- 📍 Adres / Address: Meuselaan / Meuse Avenue, Lorraine, Port Elizabeth
☎️ Tel: (041) 367 - 1115 Faks / Fax: (041) 368 - 1812
✉️ E-pos / Email: info@lorraineschool.co.za



Geagte Ouers/Voogde

Ons sien uit daarna om u kind in ons gr. R-klas te verwelkom. Ons vertrou dat hy/sy 'n leersame tyd by ons sal ervaar en deel sal word van ons groot en gelukkige familie.

Ons het dit goed gedink om soveel moontlik informasie deur te gee om u beplanning te vergemaklik.

Daar is 'n paar sakies wat ons graag onder u aandag wil bring vir 2025:

1. Ons nooi u kind vriendelik uit om sy/haar gr. R-juffrou op **Saterdag 16 November 2024 om 08:30** te ontmoet. Daar sal duidelike aanwysings wees wat u kan volg om by die gr. R-gebou uit te kom. Hierdie is die perfekte geleentheid waar u kind sy/haar onderwyseres kan ontmoet en hy/sy die speelrein en klaskamer kan verken. Alle ouers/voogde moet om 08:45 in die saal byeenkom. Ons skoolhoof, mnr. Pienaar, sal u daar ontmoet. Waardevolle inligting sal aan u deurgegee word. Na u vergadering met mnr. Pienaar, is u welkom om tot 10:00 by u kind in die gr. R-area aan te sluit.

2. Die skool begin op Woensdag 15 Januarie 2025 om 08:00. Die voorlopige kwartaalrooster vir 2025 is:

15 Januarie – 28 Maart
22 Julie – 03 Oktober

08 April – 27 Junie
13 Oktober – 12 Desember

Veranderinge sal op die skool (Laerskool Lorraine Primary) se Facebook-blad geplaas word. Volg asseblief hierdie blad om op hoogte van aktiwiteite en gebeure te bly.

3. Skoolure: 08:00 tot 12:50 (**12:00 tot Vrydag 24 Januarie**). Leerlinge moet asseblief voor 08:00 by die skool wees en om 12:50 deur 'n verantwoordelike persoon BINNE die aangewese plek gehaal word. Indien u kind deur 'n ander persoon afgehaal word, moet u ons asseblief skriftelik in kennis stel. **Let wel dat die skool vir die grondslagfase (insluitend gr. R) 12:45 op 'n Vrydag** sluit. Neem asseblief kennis dat daar geen toesig vir die gr. R-leerlinge na 12:50 is nie aangesien die onderwysers ander skool verpligtinge na 12:50 het.

Indien u u kind vroeër as 07:30 moet aflaai, kan u dit op eie risiko doen of u moet ander reëlings tref aangesien daar eers vanaf 07:30 toesig is.

4. Ons nooi u kind vriendelik uit om op **Dinsdag 14 Januarie 2025** om 09:00 te kom kennis maak met die gr. R-onderwyseresse. Ons ondervind dat die leerlinge hul eerste skooldag met meer selfvertroue kan aanpak indien hulle die vorige dag vertrouwd gemaak word met hulle omgewing en ook weet wie hulle onderwyseres gaan wees. Die besoek sal ± 30 minute duur.

L.W. Bogenoemde besoek is slegs vir die leerlinge. Ouers/Voogde word vriendelik versoek om buite te wag.

5. Trek asseblief ou klere vir u kind aan, aangesien ons baie "mors-aktiwiteite" aanbied en nie graag hul klere wil bemors nie.



Die skool wat omgee / The school that cares

www.lorraineschool.co.za

6. Ouers/Voogde word versoek om **alle klere** (skoene ingesluit), tasse, kosblikke (ook deksels) ens. **te merk**. Skoene kan aan die kant of binne gemerk word.
7. Sorg asseblief dat u kind geen speelgoed skool toe bring nie. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir speelgoed wat wegraak nie.
8. Leerlinge mag op 'n Woensdag 'n soet-dingetjie inkry vir skool, maar slegs 1 bederfie. Ons probeer om by ons leerlinge gesonde eetgewoontes aan te kweek.
- 9.. Vrydae is koekiedag. Elke ouer/voog sal een of twee beurte kry om koekies of 'n versnapering te verskaf.
10. **Indien u kind medikasie neem, moet u ons asseblief daarvan in kennis stel deur middel van 'n brief.**

Indien u van die onderwyseres verwag om medisyne (bv. antibiotika) toe te dien, moet u skriftelike toestemming in die boodskap-leër gee (tyd en dosering). Alternatief kan u 'n e-pos aan u kind se onderwyseres stuur om haar in kennis te stel van die bogenoemde inligting. **GEEN MEDIKASIE SAL SONDER TOESTEMMING EN 'N HANDTEKENING GEGEE WORD NIE.** Neem asseblief kennis dat ons nie medikasie vir 'n hoofpyn, maagpyn of bysteek gedurende normale skoolure mag gee nie. Indien u kind allergies is vir bye, sal u die medikasie moet voorsien, waar dié by die skool, met die nodige toestemming, toegedien sal word.

11. Siek leerlinge moet liefst tuis gehou word totdat hulle heeltemal gesond is. Dit is nie net vir die welstand van u kind nie, maar ook in die beste belang van die ander leerlinge.
12. Uitstappies vorm 'n belangrike deel van u kind se onderrig en ouers/voogde sal vooraf in kennis gestel word.
13. Plaas asseblief enige gelde wat u stuur met die **korrekte bedrag** daarin, in 'n koevert of plastiese seëlsakkie, met die volgende daarop: naam van leerling, naam van onderwyseres, korrekte bedrag en waarvoor dit is.

Die skool verskaf die volgende aan u kind:

1. 'n Laerskool Lorraine-skooltas.
2. Graad R-Golfhemp: Stuur asseblief die aangehegde afskeurstrokie met u kind se hempie grootte so gou as moontlik terug. (e-pos info@lorraineschool.co.za) Neem asseblief kennis dat ons graad R-leerlinge hulle golfhemp op 'n Dinsdag en Donderdag vir hulle balvaardigheidsessie moet dra. Hierdie sessie vorm deel van die Liggaamlike Opvoeding Kurrikulum. Addisionele golfhempies sal in die skool se nuwe klerewinkel beskikbaar wees/bestel word.
3. 'n Langmou voorskoot vir kuns.
4. 'n Skryfbehoeftepak wat al die noodsaaklike skryfbehoeftes vir die jaar bevat. U moet asseblief die A3-kunsboeke met enige mooi papier en plastiek oortrek en die leerling se naam op die voorkant skryf. Die A4-lêer sal vir kommunikasie doeleindes soos briewe/kennisgewings gebruik word en die A5-koevert is vir kontant en afskeurstrokies.

Die kryte moet asseblief individueel gemerk word met kleefband of 'n naamplakker en in die oorspronklike verpakking gehou word.

U sal die bogenoemde items op Saterdag 16 November 2024 ontvang.



Stuur die skryfbehoeftepak terug skool toe wanneer u kind sy/haar klasonderwyseres op Dinsdag 14 Januarie 2025 ontmoet.

Die koste van bogenoemde items word deur die administrasiefooi wat u alreeds betaal het, gedek. Die balans daarvan sal van u skoolgeldrekening afgetrek word.

5. Verskaf asseblief ook:

- 'n bottel vloeibare handseep
- 'n houer sneesdoekies
- 1 pak papierborde (25)
- 1 skuursponsie
- 1 papier handdoekrol
- 'n waslap om hande af te droog

Hierdie items moet ook op Dinsdag 14 Januarie 2025 saam skool toe gestuur word.

Vriendelike gr. R-groete

GR. R-ONDERWYSERESSE
2024-09-17



Mnr. M. Pienaar
SKOOLHOOF



AFSKEURSTROKIE : GHOLFHEMP BESTELVORM

Stuur asseblief so gou moontlik terug aan info@lorraineschool.co.za

Kind se naam en van : _____

Gholfhemp grootte:

| | | | | |
|---------------------|---------------------|----------------------|-----------------------|-----------------------|
| 5 – 6 Bors 72 cm | 7 – 8 Bors 78 cm | 9 – 10 Bors 84 cm | 11 – 12 Bors 90 cm | 13 – 14 Bors 96 cm |
|---------------------|---------------------|----------------------|-----------------------|-----------------------|

HANDTEKENING

DATUM

